

# Vrye spraak, verantwoordelike spraak

*Free speech, responsible speech*

C S DE BEER

Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria, Pretoria

fanie.debeer@up.ac.za



C S de Beer

*Om te praat maak my bang, want deur nooit genoeg te sê nie, sê ek ook te veel.*

*(Derrida)*

**PROF C S DE BEER** is Emeritus Professor van die Departement Inligtingkunde, Universiteit van Suid-Afrika en is tans Buitengewone Professor in Inligtingkunde aan die Universiteit van Pretoria. Hy het gegradueer in Landbou en Wysbegeerte aan die Universiteite van Pretoria en Parys X. Nanterre, Frankryk. Hy het Inligtingkunde, Kommunikasiekunde en Wysbegeerte doseer, navorsing op al hierdie gebiede en verwante subgebiede onderneem, konsultasiewerk gedoen oor kennisbenutting en inligtingverspreiding. Onder sy publikasies tot op datum tel 6 boeke (as outeur), 5 boeke (as redakteur), 75 wetenskaplike artikels en verskeie navorsingsverslae. Hy doen tans ekstensief navorsing oor die Filosofie van Inligting in die wydste moontlike sin van die woord, met besondere klem op die individuele en sosiale implikasies daarvan en hy het 'n beperkte doseeropdrag in Inligtingkunde.

**PROF C S DE BEER** is Professor Emeritus of the Department of Information Science, University of South Africa and is currently Extraordinary Professor in the Department of Information Science at the University of Pretoria. He graduated in Agriculture and Philosophy at the Universities of Pretoria and Paris X. Nanterre, France. He taught Information Science, Communications, and Philosophy, undertook research in all these disciplines and related sub-disciplines, and was involved in consultation work in the area of knowledge utilisation and information dissemination. To date he has published 6 books (as author), 5 books (as editor), 75 scientific articles, and a number of research reports. He is currently engaged in research of the Philosophy of Information in the widest possible sense of the word, with specific attention to its individual and social implications and he has a limited lecturing responsibility in Information Science.

## ABSTRACT

### *Free speech, responsible speech*

*Human beings want to be free and that freedom finds expression in freedom of thought, freedom of speech, and freedom of action. This is a unique and predominantly important feature of humans. Other unique features like creativity and inventiveness can only flourish at best in a milieu of freedom. Freedom in all respects should therefore be embraced, cultivated and promoted.*

*This ideal of freedom can, however, never be without limits nor can it be absolutised. The reason for this is to be found in the nature of the human being. Humans are not flawless. On the contrary, they are fallible, mortal and finite. These disabilities are manifested in all their actions. All the freedoms they may take are hampered and affected by this fundamental flaw. For this reason freedom can easily be abused and it happens from day to day. Although the right to free speech should enthusiastically be protected and promoted, it should at the same time, with equal vigilance, be protected against itself, against its abuse in one way or another.*

*Free speech is a linguistic activity and for this reason the nature of language requires attention as well for a proper appreciation of the value of free speech. Two dimensions of language, namely the abstract and material dimensions are discussed. The abstract dimension enables humans to communicate in a straightforward manner according to the rules of language, logic and clear argumentation. In this regard language can be used as a tool; it can form part of sets of skills; it can be spoken. The material dimension of language, on the contrary, is loaded with emotion, beyond human control, and cannot be used by humans. In this case humans are used by language; language speaks through us. Humans have to be sensitive and responsive to the speaking powers and forces of language.*

*Freedom of speech and expression is hampered by the same problem. Since humans are fallible they also transfer this fallibility to their use and abuse of language. Although free speech can be creative and capable of building human relations and individuals it can also be destructive of relations and of individuals. For this reason emphasis is laid on the relationship between language and violence with specific reference to the mortal violence to which language can lead. Language can destroy; it can kill. For this reason no free speech can ever be absolute. And for the same reason the notion of responsible speech has to be introduced and kept alert and alive. Responsibility should enable us to utilise language and be utilised by language in a constructive way. This offers the only route towards the creative and inventive usages of this very special quality with which humans are equipped.*

*Certain guidelines are suggested in terms of which free speech can be conducted responsibly: it must be guided by a search for truth, the promotion of sound human relations, noological inspirations must be attended to, the establishment of vital societal networks and links, the continuous search for and configuration of the optimal in meaning. Whenever these guidelines are ignored or contravened free speech will undoubtedly end up in disastrous anarchistic social and political protuberances. The difficulties human fallibility and linguistic competence pose for the free activity of speech that enables humans to engage themselves in what they do not want to say, or, to devote their attention to the neglect of precisely that which they know they should be saying, call forward the notion of “an infinitely demanding ethics of commitment”. Human beings are confronted with the never-ending challenge and responsibility to build societies of freedom and peace for all.*

*In the positive response to such a confrontation humans are faced with this immensely difficult ethical challenge. In a culture of rights and demands where people hardly ever contemplate duties and responsibilities as part of their vocabulary, the ethical call to thoughtfulness in free speech requires attention. Thoughtlessness in free speech – a much too sensible word for the stupidity and idiocy that we find demonstrated in “free speeches”, as well as “free writing” for that matter, on a daily basis – make possible disturbing titles such as “the violence of words”, “words that wound”, and “only words”. What is required against the empty abuse of dangerous words for ideological effect, as a demonstration of the shallow and thoughtless literacy of the idiot, is a thoughtful literacy that appreciates the wealth of language that should accompany our daily “usage of letters” in full responsibility with regard to every other human being in the rich interhuman dispositions of care and respect.*

**KEY CONCEPTS:** Free speech, responsible speech, human fallibility, abstract and material dimensions of language, the violence of language, thoughtless literacy, thoughtful literacy, ethics of commitment, truth, meaning

**TREFWOORDE:** Vrye spraak, verantwoordelike spraak, menslike feilbaarheid, abstrakte en materiële dimensies van taal, die geweld van taal, gedagtelose geletterdheid, gedagtevolle geletterdheid, etiek van toewyding, waarheid, betekenis

## OPSOMMING

In hierdie artikel word betoog dat vryheid van spraak, soos vryheid van denke en menslike vryheid in die algemeen, onlosmaaklik met mekaar verband hou en nooit oor absolute geldigheid beskik nie. Alle vryheid bly beperkte vryheid en moet met verantwoordelikheid verbind word ten einde te verhinder dat die vryheid misbruik word en baie skade aan individue en samelewings aangerig word. In 'n kultuur van regte en eise mag die belangrikheid van verantwoordelikhede en pligte nooit uit die oog verloor word nie.

Om egter die moontlikhede van vrye spraak te verstaan, asook die spanning daarvan met verantwoordelike spraak, moet verstaan word wie die mens is: toegerus met baie moontlikhede, maar met eweveel radikale gebreke. Hierdie moontlikhede en gebreke word oorgedra op alles waarmee mense te doen het – ook taal. Om vrye spraak nog beter te verstaan, moet dit ook vertolk word in die lig van die aard van taal. Taal kan skep, maar ook vernietig; taal kan as gereedskap gebruik word wat, ondanks suksesse, meesal groot beperkinge oplewer (die abstrakte dimensie van taal). Taal is egter veel meer as 'n blote gebruiksvoorwerp. Ons kan praat van die restant van taal waardeur die gebruiksmoontlikhede ver oorskry word. Taal word nie alleen deur mense gepraat nie; taal praat ook deur mense (die materiële aspek van taal). Vandaar die besondere skeppende vermoë daarvan.

Vrye spraak word van verskillende kante bedreig en moet dus beskerm word, maar dit kan self ook 'n bedreiging wees. Daarom word verantwoordelikheid vereis om met wysheid te kan praat. Verskillende riglyne kan hiermee help: waarheidsoeke, menseverhoudinge, noölogiese gedreweheid en inspirasies, gemeenskapsvestiging, sinsoeke. Hiermee kom etiek na vore en veral “die oneindig veeleisende etiek van toewyding”. Hierdie etiek vra toewyding omdat mense altyd in hul spreke kan faal; dit is 'n veeleisende etiek omdat mense maklik sê wat hulle nie wil sê nie en ewe maklik nalaat om te sê wat hulle weet hulle moet sê en selfs graag wil sê.

## 1. INLEIDING

Vryheid van spraak is al vir baie eeue 'n probleem in samelewings en gemeenskappe. Dit vorm oor die eeue heen 'n bedreiging vir sekere en is 'n ideaal om te verwesenlik vir baie ander. Dit is ook nou verweef met die vryheid van denke (Kyk Sen 2006:170-186). Hoe en wat ons dink, bepaal hoe en wat ons praat. Die koestering van vryheid van denke, maak vryheid van spraak noodsaaklik. Wanneer denke aan bande gelê word, kom die vryheid van spraak meteens ook in die gedrang. Wie die een bedreig, bedreig ook die ander. Taal en denke, spreke en denke is afhanklik van mekaar en op mekaar aangewese. Wanneer die linguïst, Émile Benveniste (1966:63-74), beklemtoon dat geen tipe taal uit sigself en alleen uit sigself die aktiwiteite van die gees as die orgaan van die denke kan begunstig of beperk nie, is dit ook belangrik om te besef dat die betekenisgewende funksies van taal terselfdertyd deurentyd inspirasie vind uit die denkende gees. Ly hierdie betekenisgewende funksies skipbreuk, is dit omdat die gees skipbreuk gely het. Die soort mislukkinge kan ontredde afmetings aanneem. As mense geestelike of denkmatige wrakke is, neem hulle maklik hulle toevlug tot geweld, waarvan gewelddadige taal 'n voorbeeld is, om daardeur die geestelike magteloosheid te verbloem, sonder om te besef dat dit juis 'n weselike simptoom van geestelike of denkmoe, aftakeling en impotensie verraai.

Die moontlikheid van die denke is verbind aan die vermoë van taal, daarom is taal die ingeligte struktuur van betekening en denke die beheerpunt van taaltokens. (Benveniste 1966:74)

Hieruit blyk dit dat daar norme en reëls is selfs vir die vryheid van denke en vir dit wat onlosmaaklik daarmee verbind is, naamlik die vryheid van taal. Denkvryheid kan fataal wees indien die denke aan sigself oorgelaat word. Die geskiedenis van die mensdom het dit ook dikwels getoon. Ideologieë as belemmerende manifestasies van denke word keer op keer juis in taal, spreke en in skrifting gemanifesteer. Om hierdie en ook ander redes is die norme vir goeie denke van groot belang. Dit kom na vore as superdenke wat meevoer en deeglike analyses vra om dit raak te sien vir wat dit is, naamlik distorsies van denke en werklikheid. Vrye spraak, soos vrye denke, kan maklik die mondstuk vir een of ander ideologie word. 'n Mens kan byvoorbeeld maar net dink aan “die idole van die gees” en “valse opvattinge” waarteen Bacon (1939:34-35) dit gehad het. Die “idole” lei tot allerlei distorsies, obstruksies, verdraaiinge, misleidinge, nalatigheid en die misbruik van woorde wat so beslag lê op die menslike verstaansvermoë dat “die waarheid moeilik toegang kan kry”. “Die foute van die gees” wat hulle oorsprong hierin het, kan mense gereeld op dwaalspore lei. Hoe sterk Bacon hieroor gevoel het, word goed in die woorde van Bréhier (1968:33) weergegee: “Idols, then, are not sophisms or errors of reasoning but vicious mental dispositions which, like some kind of original sin, make us disregard nature”.

Verder kan ons ook dink aan al die kritiese debatte wat filosowe, teoloë en wetenskaplikes oor die eeue heen gevoer het en nog steeds voer om misleidinge, dwalinge en wanvoorstelling, wat almal aanleiding gegee het tot spreke, skrifting en retoriek van 'n aard, te rig, te bestry, te weerlê of minstens aan bande te lê. Terselfdertyd is al hierdie verskynsels ook weer 'n openbaring van die ontoereikende vermoëns van mense om onfeilbaarheid te bereik. Hoekom sou vrye spraak nie ook, miskien veral ook, hieraan onderhewig wees nie?

Die wyse waarop die aard van die mens tot uitdrukking kom in opvattinge oor vrye spraak en die plek en rol wat denke en taal as menslike funksies hierin inneem, verdien besondere aandag. Denke en taal is besondere menslike funksies, waardeur die mens 'n heel besondere posisie beklee binne die geheel van dit wat is. Daarom sal dit sin maak om na te dink oor die mens, sy aard en die plek van taal in die lewe van die mens.

## 2. TAAL EN MENS

Taal is 'n menslike funksie. Hoewel daar baie gespekuleer word oor die taal van diere, is dit betreklik duidelik dat menslike taalvermoë aansienlik van dié van diere verskil. Dit onderskei die mens van diere (Kyk Benveniste 1966:56-62). Volgens Benveniste het ons by diere “nie te doen met 'n taal nie, maar met 'n kode van tekens” en boonop is die soort samelewing wat mense uitmaak die voorwaarde van taal (Benveniste 1966: 62). Hieruit sal later ook blyk hoe belangrik samelewing is in die normering van taalgebruik.

Die aard van die mens bied die agtergrond vir die verstaan van taal en dus ook vir die verstaan van die vryheid van taalgebruik. Taal is ingebed in 'n menslike milieu en hierdie ingebed wees bepaal die aard daarvan. Taal dra op 'n wesenlike wyse daartoe by dat die mens sy spesiale plek in die ryk van lewende dinge kan inneem. 'n Mens kan tereg met Lecercle (2005:283) beklemtoon dat taal die subjek konstitueer of skep, dat “die menslikheid van die mens” juis in en deur die taal sy beslag kry (Lecercle 2005: 282) en dat menslike samelewings die voorwaarde vir taal is (Benveniste 1966:62).

Hierdie vermoëns van taal om vorm te gee aan die mens moet bedink word teen die agtergrond en met 'n deeglike begrip van die mens wat die taal praat en deur wie dit ook praat. Bracken (1994:9), in sy studie oor die vryheid van spraak, wys daarop dat teorieë aangaande die “menslike natuur”, soos dit byvoorbeeld uitdrukking vind in die empirisme en die rasionalisme, 'n wesenlike rol speel in algemene opvattinge, maar veral ook in sosiale teorieë en politieke, etiese en religieuse waardes. Hy skrywe:

Theories of human nature bear directly on such things as our ‘worldview’, our ideological commitments, on our notions of what is a reasonable topic for research in the so-called social sciences. Obviously how we think about humans directly informs our beliefs about social and political structures. It is my thesis that the rationalist model provides the basis for Bayle’s absolutist position with respect to religious toleration and freedom of speech. (Bracken 1994:9)

Volgens hom maak Descartes se rasionalistiese opvatting van die menslike natuur (’n dualistiese opvatting) dit moontlik om die mens as volstrek outonoom te sien en onbeperkte wilsvryheid te huldig, taal te sien as nie ’n vorm van handeling nie en dat mense volledig vry is om na goedgeunte te handel of nie te handel nie.

Wie is hierdie wese wat ons mens noem? Is die Cartesiaanse mensbeeld die enigste? Bracken beklemtoon ten minste dat ’n meer empiristiese, meer monistiese benadering ons nader bring aan ’n opvatting van vryheid van spraak en uitdrukking wat gestroop is van ’n absolutisme. Ons moet egter verder gaan as Bracken. Hy is volkome reg wanneer hy beklemtoon dat ons mensbeeld baie van ons ander opvattinge bepaal. Daar is die afgelope dekades egter baie geworstel en gewerk aan ons mensbeeld en nuwe gedagtes wat na vore gebring is, het betekenisvolle bydraes gelewer tot die hersiening van baie gehuldigde opvattinge wat gangbaar was onder die vaandel van die rasionalisme of die empirisme. Ruimte sal nie toelaat dat afdoende aandag aan hierdie nuwe en ingrypende verwickelinge gegee word nie. Slegs enkele sketse mag help.

Wat belangrik is, is om te besef dat hierdie wese die wese is wat gerig word deur diepliggende aannames, vooronderstellings, vooroordele en persoonlike voorkeure. Niks hiervan kan maklik raakgesien word, opgeskort word, of selfs net verstaan word nie. Heidegger se oproep tot “besinning” hieroor raak aan ’n baie fundamentele aspek van wat dit is om mens te wees en wat dit beteken om mens te wees. Refleksie bring ons op koers in ons soeke na die wese van dit wat is en in ons soeke na die wese van die waarheid en sekerlik help dit ons om uit te kom by ’n begrip van wat dit beteken om mens te wees. Hy skrywe:

Reflection is the courage to make the truth of our own presuppositions and the realm of our own goals into the things that most deserve to be called in question. (Heidegger 1977:116)

Ons moet bly vra wie ons is en waarheen ons op pad is en wat dit is wat ons lewens in ’n bepaalde rigting rig en stuur. In Heidegger se bespreking van humanisme was subjektiwiteit en dasein op die voorpunt van ’n herdefinisie van “menslike natuur” teenoor die rasionalisme en die empirisme.

Ons het die psigoanalise nodig gehad om ons hierdie haas onkenbare kant van menswees te wys, naamlik die onbewuste, wat sekerlik ook in die vrye spraak sigself kan laat geld. Mense sê dikwels wat hulle nie bedoel nie en baie kere sê hulle weer veel minder as wat hulle bedoel. Daarom is dit vir Derrida so ’n vreesaanjaende, of kommerwekkende, saak om te praat. Behalwe vir die feilbare en onkenbare en ook gevaarlike van ons menswees wat Freud blootgelê en deeglik uitgewerk het, het Benveniste (1966:75-87) in ’n baie gepaste opstel die funksies van taal binne die konteks van Freudiaanse ontdekkinge blootgelê. Die psigoanalise en die psigopatologie wys maar te goed daarop hoe gevaarlik taal kan wees wannere dit as ’n stuk gereedskap aan die mens toevertrou word of uitgelewer is. Die Freudiaanse onbewuste laat sy merk op vryheid, op verantwoordelikheid en op taal en spreke.

Hierbenewens is dieselfde wese, buite die psigoanalise om beskou, ook al as eindig, feilbaar, sterflik en dus baie beperk beskrywe. Ricoeur (1965) was een van die denkers wat hierdie wesenlike feilbaarheid op sy heel beste gekarakteriseer en uitgespel het. Aansprake op vryheid van spraak

vertrek te dikwels van die stilswyende aanname van op 'n byna onfeilbare wyse te weet waarvan gepraat word. So 'n vertrekpunt kan gevaarlike retoriek afgee. Hierdie feilbaarheid is miskien ook dit waarna die psigoanalise, veral in die Lacaniaanse weergawe daarvan, as 'n fundamentele gemis of gebrek verwys en aan die grondslag waarvan verlange lê. Dit wat as gemis beskrywe word, “is presies dit wat liefde genoem word, maar dit is ook haat en onkunde” (Lacan 1966:627). Of ook, “die verlange lê aan die ander kant van die vraag en van die behoefte; dit roep 'n sinsbehoefte op. Dit kom wesenlik neer op 'n gemis aan syn” (Op. cit.:629) – dit wat Bernard Stiegler as die siekte van ons tyd bestempel. Die verlange lei tot die besef van die synsgemis met die oproep om die komplement van die *Ander* te ontvang, indien die *Ander*, die plek van die spreke, ook die plek van hierdie gemis is (Op. cit.:627). Indien die *Ander*, wat die plek van die gemis is, ook die plek van die spreke is, moet ons besef dat alle spreke uiteindelik aktiwiteite is wat uit die verlange, uit die gemis, opstyg en dus simptome van die gemis is. Dit sou impliseer dat die vertoog oor die vryheid van spraak altyd in die konteks van synsgemis vertolk moet word eerder as uit die besef van oortollige en oormatige sinsbesef wat dikwels die indruk is wat gelaat word deur vrye sprekers. In sulke gevalle word die sprekende subjek gesien as die beheerder van taalkundige produksies. Ons spreke vanuit so 'n posisie van mag sou dan eerder beteken: 'n magsvertoon vanuit die verlange en die gemis. Hierdie interpretasie maak van baie sprekers eerder patetiese en bejammerenswaardige as prysenswaardige figure wat werklik in beheer van sake is.

Hierdie feilbaarheid strek hom ook uit oor die domein van kennis. Ons gee graag voor dat die mens weetgierig is. Gedeeltelik is dit ook waar, maar die keersy daarvan is nie minder waar nie: die mens hunker na onkunde. Volgens Lacan is onkunde 'n passie of drif en in die gretigheid om vryheid van spraak te bevorder moet rekening gehou word met “die passie vir [of wil tot] onkunde” (Lacan 1975:110), eerder as met die wil tot kennis en waarheid wat dit inspireer en besiel. Soos ons reeds gesien het: om gebrekkig te wees, is wel dit wat liefde genoem word, maar ook haat en onkunde. Onkunde en haat, soos liefde, is simptome van verlange, van die synsgemis. Ideologiese obsessies en distorsies kom hieruit voort en word moeilik verslaan. Volgens Janicaud (2005:22), wat hom hiervoor op Pascal beroep, is afgronde vir die mens aantrekliker as hoogtepunte. Gelukkig wys sowel Lacan (1975) as Felman (1987) ons ook daarop hoe hierdie “wil tot onkunde” omgekeer kan word tot iets baie positief en inventief. Dit vra egter bearbeiding van die denkende gees.

Teen die agtergrond van hierdie antropologiese werklikhede moet alle vryheid, maar veral ook vryheid van spraak, betrag word. Alle dade, handelinge, keuses en spreke word hierdeur bepaal ongeag die vlak van volslae sekerheid en selfvoldaanheid waarmee dit alles dikwels gebeur. Dit geld vir sowel persoonlike spreke, die media-kommunikasies, politieke toesprake, akademiese diskoerse en wetenskaplike bevindinge. Geen enkele van hierdie diskoerse is vry van antropologiese beperkinge en selfs bedreiging nie, dit wil sê, vry van die verlange en die synsgemis nie. Om die waarheid te sê: Hoe sekerder mense van hulleself is, hoe sekerder is dit dikwels dat hulle aan die dwaal is en mislei word, selfs gevange gehou word, deur onbewuste aannames, vooroordele en persoonlike voorkeure. Mense is egter wesens wat hulle vryhede, selfs duur gewonne vryhede, kan misbruik.

Omdat taal, taalgebruik, spreke en skrifting so verweef is met wat dit beteken om mens te wees en baie van die dinamiek en betekenis hieruit verkry, is dit belangrik om ook oor taal te besin.

### 3. DIE WARE AARD VAN TAAL

Spraak is 'n taalsaak, 'n intermenslike aangeleentheid, maar ook 'n saak van skrifting. Daar moet dus goed na taal in al sy dimensies en manifestasies gekyk word en veral ook na die mag

en vermoë van taal. Besinning hieroor is veral belangrik wanneer besin word oor die vryheid van spraak – die gebruik en misbruik van taal in ons spreke. Ons praat nie net taal nie; taal praat deur ons. Subjekte skep en gebruik nie net taal nie, maar word ook geskep en gebruik deur taal. Heidegger was besonder eksplisiet hieroor en een van die eerstes wat die aandag daarop gevestig het dat taal deur mense praat. Hierdie opmerkinge verwys natuurlik na dit wat Lecercle (1985:6) heelwat later onderskei het as die die abstrakte en materiële aspekte van taal. Hy het op twee maniere, in twee verskillende publikasies, hieraan uitdrukking gegee. In die een geval gebruik hy die term “delirium” en in die ander geval “restant” of “oorblyfsel” (vir die Engelse “remainder”). So skrywe hy byvoorbeeld oor delirium:

Delire... is a form discourse, which questions our most common conceptions of language ... where *the material side of language*, its origin in the human body and desire, are no longer eclipsed by *its abstract aspect* (as an instrument of communication or expression).

En dan gaan hy voort:

Language enables us to live in society, it is the vector of our everyday intercourse with our fellow men; it also enables us to phrase our attempts to express truth. In other words language makes sense; in spite of its shortcomings it conveys our search for truth and notes down the rules of our method. It can do all this ... because of its abstract character: an intellectual faculty (language), realized through ideal systems (natural languages as *langue*). But this characteristic of language, vague and unsatisfactory as it is, is itself an abstraction. It deliberately ignores various experiences of language which are the daily lot of every speaker: words often fail us, that is, fail to express what we mean; or, conversely, they express too much, more than we mean; they utter what we would refuse to recognize, what we would rather have left unsaid. In other words, language becomes tainted by desire, by the actions and passions of our body, by its instinctual drives. Language loses its capacity to communicate. But it can also, at the same time, increase its power: it ceases to be controlled by the subject but on the contrary rules over him. Instead of truth we have fiction; instead of sense nonsense or absurdity; instead of abstraction, desire. Instead of method, we have the madness of delire. (Lecercle 1985:6-7.)

In ’n latere besonder betekenisvolle publikasie, veral teen die agtergrond gesien van ons huidige sosiale krisis met die geweld in die land, waarin hy juis ’n studie oor die geweld van taal maak, is Lecercle nog heelwat meer eksplisiet oor die genoemde twee aspekte van taal. Hy verwys na die restant of oorblyfsel van taal, dit wil sê, na dit wat nie binne die abstrakte aspek van taal ter sprake kom nie, maar in die materiële aspek daarvan. Dit is nie alleen die koherente betekenis van inligting en kommunikasie wat in taal en spreke ter sake is nie, maar ook die nie-samehangende van emosies. Taal is ’n affektief-gelade, dikwels kompulsiewe aangeleentheid. Hieroor skrywe hy:

From this point of view, there is no doubt that the speaker speaks his language, that he is fully in control. But ... emotional meaning may not be conscious; its transmission is hardly deliberate. We are closer to obsession or possession. Seen in this light, the text is the paradoxical utterance of the unutterable ... Language is no longer a mere instrument, it seems to have acquired a life of its own. Language speaks, it follows its own rhythm, its own partial coherence, it proliferates in apparent, and sometimes violent, chaos.... I shall treat every utterance as an instance of compromise between the two extreme positions: ‘I speak language’

and ‘language speaks’. ... There is another side to language. .. This dark side emerges in nonsensical and poetic texts, in the illuminations of mystics and the delirium of logophiliacs or mental patients. It is the object of this book to provide a description and a theory of this other side. ... I have called it ‘the remainder’.  
(Lecerle 1990:5-6.)

Hierdie insigte is van die grootste belang in ons betragting van vrye spraak. Om bedag te wees op die materiële aspek van taal, beteken om te besef hoe emosioneel gelade taal kan wees en hoe dit daarom deur wroeginge, kennisvorme en ideologieë tot uitdrukking gedwing kan word. Sowel Ricoeur as Lecerle het klem gelê op twee dimensies van werkende taal, naamlik die skeppingsvermoë daarvan en die vernietigingsvermoë daarvan. In die debatte oor die vryheid van spraak word hierdie dimensies nooit na vore gebring nie, terwyl dit van die grootste belang is in enige besinning oor vrye spraak.

#### 4. DIE TWEE DIMENSIES VAN TAAL

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat daar veral twee momente in taalgebruik is, naamlik taal as sin-, wêreld- en verhoudingskepper en taal as vernietiger van mense, wêreld en verhoudinge. Daar is natuurlik heelwat vae gebiede tussen die twee uiterstes wat dit veral ook moeilik maak wanneer beslegting moet plaasvind.

##### 4.1 Taal skep

Die skeppingskrag van taal geld vir indiwidue, maar ook vir samelewings of gemeenskappe. Ons het reeds gesien dat taal die subjek skep en die menslikheid van ons menswees bepaal. In hierdie verband is dit moontlik gepas om veral die versoenende mag van taal te bespreek. Paul Ricoeur (1976) se artikel met die titel *Violence and language* is moontlik een van die mees gepaste stukke werk hieroor.

Vir Ricoeur is taal altyd ’n stryd om betekenis. Vrye spraak het dan ook altyd die ingeboude imperatief van ’n worsteling om betekenis. Dit is waarin die kwaliteit van hierdie vryheid geleë is. Hy verwys dan ook na Heidegger volgens wie “die bring van die syn tot taal beteken om syn tot die woord te bring”. Hierdie gedagte is van wesenlike belang by die oorweging van vrye spraak: vrye spraak moet die syn, dit wat is, toelaat om te spreek. Taal moet toegelaat word om oor te neem, die spreker in besit te neem.

Die betekenis wat gesoek word, is altyd rasonele betekenis in ’n rasonele diskoers. Rasionaliteit is ’n norm al moet dit ook deeglik oorskry word in die rigting van die volheid van die noologiese. Rasionaliteit op sigself is nooit voldoende nie. Hierbenewens moet vrye spraak rekening hou met sy doel, waarheen gaan dit en wat wil dit bereik. Finaliteit is altyd die volle manifestasie van die gees, altyd ontvouing in volheid. Taal moet die denkbare in sy geheel uitdruk. Dít is die verantwoordelikheid van vrye spraak – altyd gereed om met die maksimum wat taal na die positiewe en ook die negatiewe vermag rekening te hou en elke uitspraak daaraan te toets. Dit kom neer op meer as blote verstaan of instrumentele intelligensie (Op. cit.:97). In die laaste geval word dit onsin. Nee, rasonele betekenis moet ’n inklusiewe begrip word van die verhouding van mens tot mens. Meer nog: taal as gereedskap elimineer die subjek. Vrye spraak word dan dodende en dodelike “intelligensie”.

Of, in Ricoeur se eie woorde:



Every merely instrumental intelligence because it does not understand its own carrier, is the accomplice of violence, of the senseless affirmation of particularity. Instrumental intelligence and senseless existence are the twin orphans of the death of meaning. This is why only a work of thought in which the thinker understands himself in a meaningful history can comprehend both discourse and its opposite, violence.

(Ricoeur 1976:99)

Vrye spraak moet dus altyd deurdagte spraak wees. Enige ondeurdagte uitspraak kan onheil met groot gemak ontketen. Deurdagte spraak sal dan spraak wees wat geïnspireer word uit die volheid van syn, die rykdomme van betekenis en van geskiedenis, van menswees en veral van menslike saamwees – die ons.

Wanneer iemand byvoorbeeld oor iemand anders die volgende skrywe: “die wonderlike sterk en sagte manier hoe jy woorde kan laat dans op papier”, vertel dit iets van hierdie skeppende mag. Ja, woorde is altyd baie kosbaar. Maar woorde vra vir inspirasie. Mense, woorde en dinge dien tot hierdie inspirasie en sodanige inspirasie kan tot groot hoogtes lei. Baie werke sou sonder hierdie deurlopende inspirasie nooit tot lewe gekom het nie. Woorde kan wêrelde skep en vernietig; woorde bring geluk en verdriet; woorde skep lewe, maar bring ook die dood voort – soms in ’n baie letterlike sin! Woorde is dit wat mense help om uit haglike omstandighede uit te kom; hulle lewens te rehabiliteer; hulle in staat te stel om te wen toe hulle wou en moes verloor het en selfs nie meer omgee het om te verloor nie. Woorde skep verhoudinge en vernietig verhoudinge; woorde verlei en mislei mense, maar woorde maak ook gesond, gee perspektief en bring hoop waar daar geen hoop is nie. Woorde strel die siel, bring rus in ’n gemoed: bring hoop as alles vals en bedrieglik is. Woorde kan verwar, dit is waar, maar dit kan ook heel, strel, bou aan ’n siel en ’n gees. Hierdie impak van woorde na alle kante is meer ervaarbaar as meetbaar, maar tog baie werklik.

Interessant dat “woord” ook in *verantwoord-elik* voorkom. Om antwoord te gee op iemand anders se uitgesproke versugting, selfs stille versugting, sodat dit moed gee en ophef en vorentoe laat gaan, is van die mooiste geleenthede wat woorde aan mense bied. Daarom is ’n woordlose bestaan so ’n verskriklik eensame bestaan. Vir woordvernuf moet ’n mens baie lees, selfs al is dit net om jou met jou eie woorde op te hef. As die uitdrukking dat ’n mens homself nie aan sy eie skoenveters kan optel nie, waar is, dan is dit sekerlik ook waar dat hy dit met woorde wel kan doen. Woorde het ’n krag, veel sterker as swaartekrag, veel sterker as die magtige monsters van allerlei aard in al ons wêrelde wat altyd slagoffers soek en dreig om mense, ons almal feilbaar soos ons almal is, te verniel. Om al hierdie redes moet ons lief wees en bly vir woorde en altyd wens dat ons genoeg daarvan kon hê en vind om ander daarin veilig toe te vou en daarmee op te hef. Maar mense moet eintlik ook hul eie woorde hiervoor vind. Daarmee, slegs met die eie woorde, al is dit dikwels van ander geleer, kan mense wel hulself optel tot die punt van werklike oorwinning!

Die ideaal van vrye spreke sou wees om hierdie skeppende mag van taal te verwesenlik. Dan word dit meteens ook verantwoordelike spreke.

## 4.2 Taal vernietig

Ongelukkig kan taal ook vernietigend, selfs gewelddadig vernietigend, wees (Kyk Lecercle 1990). Die vernietigende mag van taal geld vir individue, maar ook vir gemeenskappe of samelewings. Vrye spraak kan individue knak, destabiliseer en vernietig. Hierdie vernietigende mag is net so sterk soos die skeppende mag daarvan.

Woorde verwond maklik; woorde verniel mense; dit kwets en kneus. Maar woorde kan ook helend en stigend wees. Die verantwoordelikheid is groot om hulle reg te gebruik. Dit is maklik om die waarheid te wil bewaar solank dit my waarheid is. Gegee die broosheid van ons menswees en die beperkte insig in wat werklik waar is – en dit geld van individue sowel as kollektiwiteite – sou dit pas om nie te vrypostig te raak nie. In hierdie verband is die media nie bo verdenking nie en nog minder in ’n posisie om arrogante magte toe te eien in die naam van die waarheid en vryheid van die pers.

Leë woorde en beloftes, onbedoelde uitsprake, maak uiteindelik baie seer. Op persoonlike vlak, maar ook op sosiokulturele en politieke vlak en selfs op wetenskaplike vlak (mens en natuurwetenskap) kan sake soos die skepping van “valse” utopiese verwagtinge en aansprake op absolute waarhede die misbruik van vrye spraak beteken. Terselfdertyd het Mc Kinnon (1993) ons daarop gewys dat dit soms gevaarlik en teenproduktief kan wees om “slegs woorde” te gebruik wat uit pas is met dade. Mooi-klinkende en oënskynlik betekenisvolle woorde kan uiters leë woorde wees indien dit veel meer sê as wat dit doen. Woorde wat op wetboeke staan, is nie noodwendig relevant in lewensituasies of selfs in situasies van regspraak nie.

Die media se beroep vir wat hulle wil publiseer op dit wat die lesers wil hê, word maklik verwar met goedkoop publisiteit slegs om die koerant te verkoop, dus word dit niks meer as winsbejag nie. Dit wat gebied word, is dikwels nóg ideologievry, nóg uit werklike sosiale besorgdheid gebore. Dit beteken nie dat die vryheid van die pers nie ’n saak van groot belang is wat ook beskerm moet word sonder dat verantwoordelikheid in die proses kwytgeskeld word nie.

In die lig van bogenoemde moet sake soos taal en singewing, taal en heling, taal en geweld, taal en pynbesorging en benadeling, taal en misleiding besondere aandag kry wanneer vrye spraak oorweeg word. Hier moet die ondeurdagte en dreigende doodmaakstories van politici en kwasi-politici en die spraak-lose stilswye van partygenote ernstig oorweeg word. Die impak van die vrye spraak oor moord is moeilik bepaalbaar, hoewel dit in die lig van “die geweld van taal” uiters onverantwoordelike spreke is en miskien ook onverdedigbaar. Dit is veelseggend teenstrydig dat dit kom van mense wat so ’n sterk standpunt teen die doodstraf inneem. Dit is nie onmoontlik dat al die “onskuldige” moordpraatjies en masjiengeweerliedjies misdadigers in hulle kwaad kan sterk sodat hulle juis daarin regverdiging vind nie. Al sou die sprekers dit nie self doen nie, word daar ongetwyfeld ’n milieu geskep wat gunstig is vir moord en doodslag.

Daar is egter in hierdie proses van gevaarlike praatjiesmakery veel meer op die spel. Dit verraai natuurlik ’n patetiese taalsiening indien daar wel van ’n siening sprake kan wees. Taal word gebruik, eintlik misbruik, om ’n effek te kry. Taal is in hierdie situasies slegs ’n stukkie gereedskap en niks meer nie. Daarom word gepraat van “buite konteks aangehaal” te wees en van “verkeerd aangehaal” te wees wat telkens as verweer gebruik word. “Julle verstaan nie ons gereedskap nie”, is wat eintlik gesê word. Wat egter in hierdie artikel betoog word, is dat taal oor materiële aspekte beskik wat die gereedskapgedagte ver oorskry. Die domein van oorskryding is dit waaroor gekla word, maar wat nie in gereedskapsterme verdedig of verduidelik kan word nie en nog minder verstaan kan word. Hierdie verstaan vereis ’n ander soort geletterdheid. Hier is ’n soort geletterdheid van ’n ander aard nodig as om net te kan lees en skryf en die alfabet te ken. Hierdie onsinnige omgaan met letters is erger as moordpraatjies en masjiengeweerliedjies. Dit verwesenlik ’n soort sosiale druk op individue “en hierdie soort sosiale druk het as effek iets heel onverwags, naamlik imbesiliteit”, waarvan Philolenko (2008:16) praat. Dit is ’n imbesiliteit wat op ’n skaamtelose wyse slagoffers maak.

Vrye spraak, gedrywe deur so ’n imbesiliteit, kan ook ’n kollektiewe impak hê wanneer dit tot geweld aanspoor, tot seksuele misdrywe lei en tot rassehaat aanleiding gee. Hierdie drie aangeleenthede is waarskynlik die drie wat die grootste en vernietigendste impak op groepe,

gemeenskappe en samelewings het. Die media se rol in die bevordering hiervan is nie gering nie. Die filmwese se gebruik van temas soos geweld en seks om nie net te stig nie, maar ook te ontstig en selfs te verwing kan nie onderskat word nie. Die Internet is besig om asemrowende bydraes in hierdie verband te maak, veral onder die voorwendsel van volwassenheid, terwyl ons wel weet dat dit eerder 'n appèl is op siek as op volwasse indiwidue.

Hoewel die internet afgeskop het met 'n luide gejuig dat vryheid van spraak uiteindelik sonder teenstand verwesenlik kan word, wys beide Graham (1999) en Castells (2002) daarop dat dit al lankal nie meer die geval is nie. Graham (1999) het veral ook klem gelê op die feit dat ons veel eerder in ons verweer teen vrye spraak op die Internet na innerlike selfdissipline en oortuiging moet kyk as na maatreëls van buite en van bo. Dit wat ons dink en dit wat is, is veel belangriker as wat wie ook al oor wat ook al heelwat te sê mag hê. Daarom is dit so belangrik om vrye spraak met verantwoordelike spraak te verbind en dit nie aan sigself oor te laat nie. Regte en pligte is onlosmaaklik verbind en verweef met mekaar.

## 5. VRYE SPRAAK/VERANTWOORDELIKE SPRAAK

In die lig van die gedagtes wat tot hiertoe ontwikkel is, en van die stellings en argumente wat daaruit voortspruit, sal daar kortliks na vryheid van spraak gekyk word, veral met die klem op die verbinding “vrye spraak, verantwoordelike spraak”.

### 5.1.1 *Vrye spraak*

Vryheid van spraak word in baie kontekste en vir baie lank as baie belangrik beskou. Volgens sekere opvattinge kan dit selfs 'n absolutistiese karakter aanneem (Kyk Bracken 1994). Groot hoop oor die absolute vryheidsgedagte het met die Internet gekom. Soos Graham en Castells met reg aangetoon het was die euforie van korte duur. Regerings en sakeondernemings het gou begin wal gooi.

Vrye spraak kan slegs gedy waar die vryheid van gees voldoende ontwikkel is. Stiegler het sterk standpunt hieroor ingeneem. Daar is diegene wat 'n absolutistiese vryheid van spraak as vanselfsprekend aanvaar en ten alle koste wil bevorder op grond van 'n mensbeskouing.<sup>1</sup> Ander wil weer die beperkinge tot die minimum afskaal met 'n beroep op “volwassenheid”.<sup>2</sup> Dit sluit gewis aan by paragraaf twee (2), al maak hierdie paragraaf die hele aangeleentheid nie veel makliker nie (Berger 1991).

In 'n tyd waarin 'n kultuur van regte omhels word as al wat saak maak in menslike samelewings, word sake soos pligvervulling en verantwoordelike beoefening heeltemal op die agtergrond geskuiwe of selfs geheel en al geïgnoreer.

Vrye spraak, soos menslike vryheid in die algemeen, is natuurlik geen absolute vryheid in die sin daarvan dat mense te eniger tyd kan doen wat hulle wil of sê wat hulle wil nie: landswette, taalwette, (nie grammatikale wette en reëls alleen nie), menslike feilbaarheid, kwaadwilligheid, kwesbaarheid en gevoeligheid moet in ag geneem word sonder om die uitdrukking “die waarheid maak seer” heeltemal uit die oog te verloor. Taal is wel 'n voertuig van waarheid, maar omsigtige

<sup>1</sup> Kyk Bracken (1994) en ander wat dit op verskillende maniere en om verskillende redes wil beperk; (Mc Kinnon 1994).

<sup>2</sup> (Kyk na Berger (1991) se behandeling hiervan, onder die invloed van J.S. Mill, wat heel insiggewend is. Insiggewend is dit om te sien hoe die mensbeeld wat gehuldig word, soos die dualisme en monisme onderskeidelik, een van die twee standpunte bevorder. (Kyk veral ook na Paragraaf 2, wat oor taal en mens handel).

verantwoordelikheid vereis dat die waarheid sorgvuldig gevind en hanteer moet word. Die hanteerder van die waarheid sit met eie beperkinge en die waarheid moet om daardie rede nie te maklik as wapen gebruik word nie, veral omdat dit so maklik my waarheid kan wees wat as dié waarheid aangebied word.

Die waarheid het op 'n vreemde manier die vermoë om sy eie saak te bevorder. Hierdie dinge lê die vryheid aan bande. Vrye spraak moet ook informeer, inlig, lig bring en vorm gee eerder as die keersy van hierdie sake te verwesenlik, naamlik duisternis te bring, verwarring te stig en misleiding te pleeg, seer te maak en onmin te stig. Vrye spraak moet altyd beoefen word in die lig van taal en mens en ook die wese van taal, maar veral ook met in agneming van die skeppende en vernietigende magte waaroor taal beskik. Om 'n balans hiertussen te vind, is geensins maklik nie, maar 'n milieu moet voorberei word. Soos Midgley (1991:66) in hierdie verband met reg opmerk, het die waarde van verdraagsaamheid ten opsigte van vrye spraak beperkinge, maar so het die waarde van onverdraagsaamheid ook perke. Die enigste wyse waarop hierdie beperkinge na beide kante na waarde geskat en behoorlik hanteer kan word, is met die hulp van 'n gees van volwasse verantwoordelikheid. Die ontwikkeling van die vryheid van gees kan help om so 'n milieu te skep. Iets meer hieroor in die laaste twee paragrawe.

### 5.1.2 *Verantwoordelike spraak*

Indien die vryheid van spraak, soos wat die geval is met die vryheid van denke en van die individu, geen absolute vryheid kan en selfs mag beteken nie moet daar met groot sorg gewerk word om hierdie vryheid wel te beskerm. Dit lyk asof dit wat tot dusver bespreek is ons dwing tot verantwoordelike spraak. “Verantwoordelikheid is die karaktereienskap van die gees, dit wil sê, ook van menslike intelligensie wat hierin sowel psigiese as sosiaal is”, skrywe Stiegler (2008:15). Om dus verantwoordelike spraak aan te kweek, sal daar aandag gegee moet word aan die geestelikheid van die mens wat tans nogal in meer as een opsig en plek 'n vergete verskynsel is. Daar moet onderskei word tussen dialoog en konversasie, twee kernbegrippe in die kommunikasie-handeling met behulp waarvan hierdie verantwoordelike spreke goed geïllustreer word. Dialoog veronderstel gelykheid, gelykstelling, met ander woorde dat alle gespreksgenote dieselfde is of moet wees terwyl konversasie verskil of differensie veronderstel. Dit is veral hier waar die dimensie van die geestelike na vore tree. Hoewel verantwoordelike spraak nooit venynige en kwetsende spraak sal wees nie, sal dit dikwels ontblotende spraak wees, wat riskant sal bly en ook seer kan maak.

Watter norme of riglyne behoort oorweeg te word wat as riglyne kan dien om verantwoordelike spreke te verwesenlik en te rig op 'n manier wat nie werklik vrye spraak sal ontwig, steriliseer, of selfs kelder en heeltemal die swye oplê nie? Daar is altyd belangegroepe van 'n aard wat sal protesteer en te na gekom voel.

## 6. **NORME OF RIGLYNE VIR VERANTWOORDELIKE SPREKE**

Waarheidsoeke kan as eerste norm genoem word. Die soeke is nie slegs passief nie in die sin van net maar by die waarheid te bly nie. Dit is veral ook 'n aktiewe soeke na en blootlegging van die waarheid (byvoorbeeld verborge waarheid, weggesteekte waarheid, verdraaide – kwaadwillig of ideologies – waarheid, binne individuele, institusionele en staatskontekste). Die kompleksiteit van die waarheidsverskynsel moet deeglik oorweeg word en mag egter nie toegelaat word om 'n struikelblok te word nie.

Die tweede norm is die stigting, suiwering en kultivering van menseverhoudinge waar respek en sorg heers. Spraak, soos taal, en ook skrifting, is tussenmenslike aangeleentede. Vriendskap,

vriendelikheid en bekendheid is die boustene van menslike saamwees en maak die gesprek tussen mense moontlik (Stiegler 2004:189-190).

Die derde norm is geleë in die gedagte dat taal altyd noologies geïnspireerd is, dit wil sê, uit die dieptes van mense se uniekheid en singulariteit tot lewe kom en daarom is praterij, gebabbel, vloekery nie alleen ’n oneer op die taal nie en ’n refleksie op die armoedige spreker nie, maar veral ook ’n krenking van die diepste geestelike inspirasie van taal. In ons gees-lose wêreld vier gepraat hoogty en hierdie feesvieringe van die gepraterij gedy onder die vaandel van ’n oppervlakkige siening van die vryheid van spraak.

Die vierde norm is die gemeenskapsmilieu, waaruit taal saam met spraak ontstaan en waarbinne vrye spraak beoefen word. Vir vrye spraak om waarlik vry en verantwoordelik te wees, moet dit onvoorwaardelik verbind wees tot die bewaring van die “ons”. Die skepping van ’n “ons” en die bewaring van ’n “ons” en die sterk verbintenis hiertoe verteenwoordig en verwesenlik die hoogste van menswees. Lévy en Stiegler maak baie hiervan. Terselfdertyd kan die gemeenskap of selfs die samelewing natuurlik ook “afgemat” word, wat dikwels ’n groot prestasie van politici is en wat dit dan van sy dinamiek beroof, die helende werking van verantwoordelike vrye spraak lamlê of aan bande lê (Philolenko 2008: 15).

Die vyfde norm is na aanleiding van die gedagtes van Ricoeur die sinsoekende norm. Wanneer vryheid van spraak, hetsy by individue, die pers, of politici nie ondubbelsinnig na sin soek nie, moet sodanige vryheid bevraagteken word. In hierdie verband is dit ook belangrik om daarop te let dat sinsoeke en synsoeke saamval. Alle synsverlies is ook sinverlies. Vrye spraak wat dus nie na synsverwesenliking strewe nie is nie getrou aan sigself nie.

Indien vrye spreke nie duidelik op ’n omvattende ontginning van sin en syn gerig is nie, kan dit slegs seksionele belange bevorder wat altyd gevaarlik kan wees.

Die wyse waarop medemenslikheid, verantwoordelikheid, vriendskap, gemeenskap en die mag van taal met betrekking tot vrye spraak beklemtoon is, bring op ’n vanselfsprekende wyse die vraagstuk van etiek en moraliteit na vore.

## 7. VRYE SPRAAK, VERANTWOORDELIKE SPRAAK EN MORALITEIT

Daar sal altyd spanning wees tussen vrye spraak en verantwoordelike spraak. Nie een kan ooit absoluut wees nie, want dan kry ons óf ’n losbandige vryheid, óf ’n rigiede wettiese verantwoordelikheid. Albei kan maklik opgeoffer word, want albei is fragiel en vir misbruik toeganklik. Die voorstel hier is om vrye spraak op so ’n wyse in verantwoordelikheid te beoefen en om daarin te slaag, word ’n “oneindig veeleisende etiek van toewyding” voorgestel soos wat dit deur Simon Critchley (2007) uitgewerk is. Ruimte laat ongelukkig nie ’n breedvoerige bespreking toe nie, maar ’n skets in breë trekke behoort genoeg stof tot verdere nadenke te bied.

Vrye spraak veronderstel gemeenskappe of samelewing. Dit is ’n tussenmenslike aangeleentheid. En soos Levinas ons geleer het, sodra daar twee of meer mense is, kry ons met etiek te doen. Soos die bespreking van die norme reeds aangedui het, het die vrye spraak en die verantwoordelike spraak dadelik ook ’n saak van etiek geword.

Gemeenskap, tussenmenslikheid en medemenslikheid is altyd ’n saak van “ons”. Hierdie “ons” is geen vanselfsprekendheid nie. Om “ons” te sê, veronderstel bepaalde verbintenisse en verhoudinge. Enige massa mense wat saamgegooi word, konstitueer nog nie ’n ons nie. Die woordjie “ons” spel samehorigheid en toewyding uit. Dit is ’n gerigtheid op mekaar wat gelaai is met bepaalde kwaliteite. Die dinamiek van ons-wees stel bepaalde eise en verpligtinge. In hierdie situasies word daar nie sommer net gepraat nie. Gesindheid is belangrik. Ons-wees word gerig deur agting en respek vir mekaar, ’n besorgdheid oor en omgee vir die ander tree na vore. Hier praat mense met mekaar van mekaar en oor mekaar met deernis en begrip.

Hierdie gerigtheid moet geskep en gevorm word. Dit vereis harde werk. Hierdie soort medemenslike verkeer kan veeleisend wees. Die “oneindig veeleisende etiek van toewyding” waaroor Simon Critchley (2007) dit het, kan as vertrekpunt gebruik word om hierdie norme en saamwees in terme van die besondere aard van betekenisvolle vryheid van spraak te artikuleer. Elke spreke veronderstel altyd die ander en andere. Daarom is spreke altyd ’n verantwoordelike saak, dit is ’n manier van antwoord te gee op ons menswees, saamwees en die ander se daarwees. Elke spreker, maar dit geld sekerlik ook elke skrywer, moet altyd hiermee rekening hou. Hiertoë moet ons gevorm word.

Die bou of vorming van die etiese subjek is die hoofsaak van Critchley (2007, hoofstuk 2) se boek. Die etiek van toewyding is ’n toewyding aan mekaar en aan dit wat deur die saamwees gedeel word. Lovibond (2002) het dit baie spesifiek oor “die etiese formasie” en hoe dit moet gebeur. Stiegler (2003) sien die verbintnisse van individuele singulariteite tot ’n “ons-wees” as ’n taak; dit verg toewyding en is “oneindig veeleisend”.

Hieruit moet dit ook duidelik wees dat daar gepraat word van kwalitatiewe, diepgaande verbintnisse. Stiegler (2003) skrywe oor liefde en lê veral klem op geestelike vorming. Die afwesigheid van gees beskou hy as die siekte van ons tyd. Dit moet ten alle koste herwin en herinventeer word. Vir die herinvensie van gees is geestelike vorming nodig. Sonder hierdie geestelike vorming sou dit onmoontlik wees om verantwoordelike spreke te pleeg. Verantwoordelikheid, so het ons reeds gesien, is ’n kenmerk van die gees. Geestelike vorming beteken dus die vorming van verantwoordelikheid wat ’n psigiese en sosiale kwaliteit is en uitdrukking vind in “die sorgsame gees” (Kyk Stiegler 2008: 11 – 19). Ook vir Heidegger (1998:347-353) is die “sorg” in besorgdheid en sorgsaamheid wesenlik van ware menswees – die daarwees van die mens is wesenlik ’n sorgsame daarwees: “Het geweten openbaart zich als roep van de zorg” (Heidegger 1998:351).

Hierdie geestelike kwaliteit van gerigtheid op die ander in ’n sosiale verband, is presies wat algemene menslike vryheid sowel as die vrye spreke behoort te rig. Baie media-berigte, soos nog meer politieke uitsprake, verraaï bloedweinig van hierdie tempering van die losbandige, absolutistiese vryheid waarop almal hulle beroep as hulle reg sonder om dit ooit te verbind aan dit wat ook hulle plig is.

Die noodsaaklikheid van hierdie tempering vloei veral voort uit die feilbaarheid, sterflikheid en beperktheid van die menslike wese maar ook van menslike oordeelsvermoë. Ons moet onthou dat die mense se lewe en handeling wat ook spreekhandelinge en skryfhandelinge – eintlik alle taalhandelinge – insluit, nooit vanselfsprekendhede is nie. Ewemin is die goeie gebruik van taal vanselfsprekend gegee met ons menswees. Dit is altyd ’n saak van keuse, van toewyding aan ons keuse wat deurentyd ’n veeleisende saak is.

Wanneer byvoorbeeld gedink word aan die kwesbaarste aspekte van menswees, naamlik geweld, seksualiteit, ras en kultuur en aan die kompleksiteit van hierdie sake omdat dit so diep met menswees verweef is, is dit voor die handliggend hoe nodig deurdagte optrede behoort te wees. In ’n samelewing waarbinne deurdagtheid die toon aangee, veronderstel so ’n samelewing “’n sosiale intelligensie in die skoot waarvan dit moontlik is om in goeie intelligensie te lewe” (Stiegler 2008:67). Ondeurdagtheid, as die handperdjie van gebrekkige intelligensie, vernietig samelewings en maak titels soos “die geweld van ons woorde”, “verwonding deur woorde”, die misplaaste betekenis van “slegs woorde” moontlik en is simptome van wat Stiegler noem “die tegnologieë van onnoselheid” (Ibid.). Die deurdenking van en insigontwikkeling in komplekse sake soos hierdie is seer seker baie veeleisend en vra heelhartige toewyding. ’n Mens sou selfs kon beklemtoon tot hoe ’n mate die toekoms en ’n sinvolle toekoms van die mens juis hiervan afhang – om in goeie intelligensie te lewe en onnoselheid af te sweer. Die vraag na intelligensie

is meer as ooit die vraag na die intelligensie van die *farmaka*, veral in die sin van sorg te dra vir myself en vir andere in hierdie nuwe konteks vir “die intrinsiek farmakologiese wesens wat ons is” en teen die perverse of vergiftigende effekte wat die *farmaka* ook kan hê. Ons spreke kan altyd helend of vernietigend wees en daarom is “goeie intelligensie” altyd ’n voorwaarde vir “goeie spreke”.<sup>3</sup> Om in goeie intelligensie in ’n samelewing te lewe, sou daarop neerkom om sorg te dra vir die sosiale op ’n wyse waarop die sosiale ook ’n sorgdra sou wees vir die individu as individu. Wanneer hierdie gees die vrye spreke rig en inspireer, sal dit vanselfsprekend nie anders kan nie as om ook verantwoordelike spreke te wees. Om dit te verwesenlik, sal altyd ’n oneindig veeleisende etiek van toewyding vra omdat dit altyd moontlik gaan wees om dit te doen wat ek nie wil doen nie en dit wat ek wel wil doen nie gedoen kan kry nie.

## BIBLIOGRAFIE

- Bacon, F. 1939. The Novum Organum, in *The English Philosophers from Bacon to Mill*, edited by E.A. Burt. New York: Random House, pp24-123.
- Benveniste, É. 1966. *Problèmes de linguistique générale, Tome I*. Paris: Gallimard.
- Berger, F.R. 1991. *Freedom, rights and pornography*. London: Kluwer Academic Publishers.
- Bracken, H. 1994. *Freedom of speech: words are not deeds*. Westport, CT: Praeger Publishers.
- Bréhier, É. 1968. *The history of philosophy: the seventeenth century*. Chicago: The University of Chicago Press.
- Castells, M. 2002. *The Internet Galaxy: reflections on the Internet, Business, and Society*. Oxford: Oxford University Press.
- Critchley, S. 2007. *Infinitely demanding: ethics of commitment, politics of resistance*. London: Verso.
- Derrida, J. 1981. *Dissemination*. Chicago: The University of Chicago Press.
- Felman, S. 1987. *Jacques Lacan and the adventure of insight*. Cambridge (Mass.): Harvard University Press.
- Graham, G. 1999. *The Internet://: a philosophical inquiry*. London: Routledge.
- Heidegger, M. 1977. The age of the world picture, in *The question concerning technology and other essays*. London: Harper & Row.
- Heidegger, M. 1998. *Zijn en tijd*. Nijmegen: Uitgeverij SUN.
- Janicaud, D. 2005. *On the human condition*. London: Routledge.
- Lacan, J. 1966. *Écrits*. Paris: Seuil.
- Lacan, J. 1975. *Le Séminaire, livre XX: Encore*. Paris: Seuil.
- Lecerclé, J-J. 1985. *Philosophy through the looking glass: language, nonsense, desire*. London: Hutchinson.
- Lecerclé, J-J. 1990. *The violence of language*. London: Routledge.
- Lecerclé, J-J. 2004. *Une philosophie marxiste du langage*. Paris: PUF.
- Lovibond, S. 2002. *Ethical formation*. Cambridge (Mass.): Harvard University Press.
- Matsuda, M.J.; Lawrence III, C.R.; Delgado, R.; Crenshaw, K.W. 1993. *Words that wound: critical race theory, assaultive speech, and the First amendment*. Boulder: Westview Press.
- Mc Kinnon, C.A. 1993. *Only words*. Cambridge (Mass.): Harvard University Press.
- Midgley, M. 1991. *Wisdom, information and wonder: what is knowledge for?* London: Routledge.
- Philonenko, A. 2008. La violence: Entretien avec Alexis Philonenko (par Clause Obadia). *Le Philosophoire*, 13: 11-28.
- Ricoeur, P. 1976. Violence and language, in *Political and social essays*. Athens: Ohio University Press.
- Sen, A. 2006. *Identity and violence: the illusion of destiny*. London: Penguin Books.
- Stiegler, B. 2003. *Aimer, s'aimer, nous aimer*. Paris: Galilée.
- Stiegler, B. 2004. *De la misère symbolique I: L'époque hyperindustrielle*. Paris: Galilée.
- Stiegler, B. 2008. *Prendre soin de la jeunesse et des générations*. Paris: Flammarion.

<sup>3</sup> Vergelyk die bespreking van die genesende en vergiftigende moontlikhede van die farmaka soos Derrida (1981:61-171) en Stiegler (2008:65-69) dit bespreek.